## BOEKBESPREKINGS

*Marcham, Frederick George*: A Constitutional History of Modern England, 1485 to the Present, pp. 496, Harper & Brothers, New York, 1960.

Die konstitusionele en staatkundige ontwikkeling van Engeland, was en is, in vergelyking met state op die Europese vasteland, in sekere opsigte uniek. In hierdie werk wend die skrywer nie net 'n poging aan om die konstitusionele geskiedenis te ontleed nie maar is dit in werklikheid ook 'n waardeskatting van die staatkundige gebeurtenisse en groei van die afgelope vier en 'n half eeue, vanaf die Tudorregime tot die Britse Ryk en Statebond in die twintigste eeu.

Tereg wys die skrywer daarop dat die Tudorregering 'n voortsetting was van die reeds tradisionele monargie of koningskap, wat sedert die Normandiese verowerings 'n sterk sentraliserende faktor en mag in Engeland was. Die Britse Kroon en sy besondere rol in die politiek word ontleed en gepaardgaande hiermee die geleidelike groei en ontwikkeling van Britse parlementêre instellings en verteenwoordigende regering. Die rol en funksies van die sentrale administrasie sowel as die plek en funksies van plaaslike owerhede in die landsadministrasie in die vroeë tydperk word breedvoerig behandel. Die regsinstellings in die reeds gevestigde regstelsel word in verband gebring met die ander konstitusionele instellings. Die ontwikkeling van die Britse kabinet en kabinetstelsel tesame met die geleidelike en toenemende invloed van die ministers word omvattend ontleed, asook lg. se verhouding tot die Kroon en die administratiewe departemente. Die verhouding van die staat tot die kerk, wat in Engelse politiek steeds 'n groot rol gespeel het, word behandel. Hierdie werk is dan ook 'n studie van politieke, ekonomiese en maatskaplike veranderings wat in Brittanje plaasgevind het. Hierby

Tereg wys die skrywer daarop dat die Tudorregering 'n voortsetting was van die Britse ryk met sy kolonies. 'n Duidelike beeld is opgebou van Engelse regering en hoe dit deur die verskillende fases ontwikkel het. As sulks is dit van besondere waarde vir die student in die staatsreg en staatkunde.

Die skrywer het hom in hoofsaak bepaal by formele dokumente — statutêre, parlementêre debatte, offisiële verslae en hofuitsprake — by die beskrywings van die staatsinstellings.

'n Bibliografie word aan die einde verskaf.

Oor die algemeen is die werk goed versorg en aangebied.

F. Nieuwoudt

*Lyon, Bryce*: A Constitutional and Legal History of Medieval England, pp. 671, Harper & Brothers, New York, 1960.

Die titel van hierdie werk wek die indruk dat die skrywer hom bloot by die konstitusionele- en regsgeskiedenis van Engeland bepaal het; dit is egter misleidend omdat dit veel meer behels. Die boek beslaan sewe-en-dertig hoofstukke wat in ses afdelings verdeel is, wat strek vanaf die invalle van die Angele en Saksers tot die einde van die bewind van Richard III in 1485.

Die werk is van waarde vir die student van die middeleeue, nie omdat besondere nuwe gesigspunte en interpretasies bygebring is nie, maar omdat 'n veelvoud faktore behandel word wat invloed uitgeoefen het op die politieke, konstitusionele en regsgeskiedenis van Engeland. Die invloed van die Germane op die Engelse instellings word breedvoerig behandel en dit bied 'n geleentheid om ook die eersgenoemde beter te verstaan, bv. die *Comitatus*. Besondere aandag word ook gegee aan die sentrale administrasie en later aan die geleidelike groei en ontwikkeling van die vroeë Britse parlementêre instellings. Die rol, funksie en plek van plaaslike owerhede in die landsadministrasie geniet die aandag in elke fase van ontwikkeling. Saamgeweef hiermee is

die wisselende finansiële en militêre administrasie en die vraagstuk van belastings. Die verhouding Kerk-Staat wat so 'n groot invloed uitgeoefen het op die middeleeuse politiek, kom ook tot sy reg. Hoewel die skrywer hom ten doel gestel het om die konstitusionele ontwikkeling en regsgeskiedenis te behandel, het hy in werklikheid veel meer gelewer, met die gevolg dat ook die student van die politiek die werk nuttig kan gebruik om 'n beter begrip te vorm van die ontstaan en ontwikkeling van veral die leenstelsel op die Europese vasteland en die besondere vorm daarvan in Engeland.

Die rangskikking van die feitelike gegewens is van so 'n aard dat dit naslaanwerk vergemaklik. 'n Algemene bibliografie word net na die inleiding verskaf en dit is verder aangevul deur besondere bronnelyste na elke afsonderlike afdeling. Enkele politieke kaarte is bygevoeg wat dit moontlik maak om die ontwikkelingsgang beter te begryp. Oor die algemeen is die werk goed versorg en lees dit vloeiend. Weereens moet beklemtoon word dat dit nie net 'n konstitusionele en regsgeskiedenis bevat nie maar ook die staatkundige ontwikkeling van Engeland oor die periode.

C. F. Nieuwoudt.

*Drascher, Wahrhold*: Die Perioden der Kolonialgeschichte, Musterschmidt-verlag, Göttingen, 1961.

Hierdie boek van 'n bekende gesaghebbende op die gebied van die koloniale geskiedenis, prof. W. Drascher, is die vierde in 'n reeks studies wat deur die *Historisch-Politische Hefte der Ranke-Gesellschaft* uitgegee is onder die algemene titel *Studien zum Geschichtsbild.* Die skrywer het hier reeds bekendheid verwerf met sy pragwerk *Schuld der Weissen.*

Sy *Perioden der Kolonialgeschichte,* is 'n wel-deurdagte in gekonsentreerde vorm geskrewe werk wat ons aandag verdien, veral omdat ons, by die deurlees daarvan, onwillekeurig 'n beter begrip verkry van die posisie van Suid-Afrika binne die raamwerk van die hele periode van die koloniale geskiedenis, wat tegelyk meebring begrip vir die huidige binnelandse situasie gestel teenoor die houding van die wêreld teenoor ons.

In 'n veranderde wêreld, waarin die volke van Asië en Afrika hulle aan die Europese heerskappy ontworstel het, dring die vraag na die ontstaan en verloop van die koloniale geskiedenis hom aan ons op. Die skrywer stel hom ten doel om die tydperk van die koloniale geskiedenis in onderdele te verdeel en om vas te stel welke algemene kenmerke met verloop van tyd tevoorskyn getree het. Dit moet hom in staat stel om die wêreld-historiese betekenis van die aanslag van die Wes-Europese kultuur en beskawing op die van die vreemde kontinente te verduidelik. Hy gaan uit van die veronderstelling dat die Wes-Europese geleerdes in die geskiedskrywing van die koloniale gebiede die klem te eensydig op die standpunt van die blankes laat val het, soos bv. die verhouding tot die moederland en die betekenis van die kolonies vir laasgenoemde op politieke en ekonomiese gebied, ens. Eers wanneer ook die standpunt van die koloniale volke in ag geneem word, kon tot 'n sintese geraak word.

Voordat prof. Drascher die tydvak onderverdeel, verduidelik hy die gesigspunt wat hom gelei het. Onder andere sien hy die Europese kolonialisme as 'n geheelbeweging van *alle* blanke volke waarin sommige 'n leidende rol gespeel het. Omdat hulle self nooit hierdie eenheid besef het nie, het dit hulle hul posisie van oorheersing gekos. Die uitbreidingsbeweging oorsee staan in noue samehang met die indiwidualiteitsbeginsel van die Renaissance; dit was verder van die begin af universeel en het nl. die volke van die wêreld bymekaargebring en die weg voorberei vir 'n wêreldbeskawing. Hierdie proses is nog in volle gang.

Die periodes waarin prof. Drascher die koloniale geskiedenis indeel, is die Christelike, die ekonomiese, die liberaal-humanitêre, die imperialisties-beskawende en dié van universele „partnership".

In die tydperk van die Christelike wêreld-ordening gaan die inisiatief uit van die Spanjaarde en die Portugese: die Katolieke kerk bly die fondament daarvan, hy het alleen die reg om te koloniseer en te kersten. Daar is geglo aan 'n goddelike sending om die kerk orals in die koloniale gebiede te laat ingang vind. Wie hulle nie wou laat bekeer nie, kon uitgeroei word en beskerming en aanvaarding het daarvan afgehang of die inboorlinge hulle tot die Christendom bekeer het of nie. Rasse-onderskeid het dus nie juis getel nie, vandaar die vermenging in gebiede soos Suid-Amerika. Die waarde van die kolonies het gelê in die versterking van die ekonomiese potensiaal van die moederland, vreemdes is uitgehou en handelsmonopolieë beskerm. Terwyl die Spanjaarde hulle veral op die Weste toegespits het, het die Portugese hulle tot kusgebiede van die Ooste bepaal.

Die ekonomiese wêreldordening is veral gedra deur die Protestantse lande Engeland en Nederland; Frankryk kom eers later op die toneel. In die Germaanse lande het die Calvinistiese geloof en die uitverkiesingsleer groot invloed op die ekspansie-politiek gehad. Geen bekeringswerk is afgedwing nie; opstande is met wapengeweld neergeslaan en 'n verdeel-en-heers-beleid ten opsigte van die inboorlinge gevolg. Die Indiane is bv. in Noord-Amerika uitgeroei en in Asië is produkte op groot skaal vernietig. Ook is Negerslawerny ingevoer en die wêreld met 'n netwerk van handelsbetrekkinge omspan. Die koopman en seevaarder het die draers van die koloniale stelsel geword. Die Spanjaarde en Portugese is geleidelik verdring. In dié periode is ook blanke volksplantings in die gematigde klimaatsones aangelê.

In die loop van die 18de eeu volg 'n groot wending in die kolonialisme nl. na die van 'n liberaal-humanitêre wêreldordening. Die nuwe volksaanplantings het die nuwe gebiede as „vaderlande" aanvaar, geleidelik selfstandig geword en in verset gekom teen voorskrifte van die moederlande. Hieruit het die egte demokratiese wortels van die Franse Rewolusie voortgekom. Die blanke koloniste het egter nie algemene gelykheid ten opsigte van die inboorlinge as beginsel aanvaar nie en wou hulle supremasie behou. Die vrywording van die Amerikaanse kolonies het onder andere hieruit voortgekom. Die groot Europese oorloë het die onafhanklikheidsbewegings van die blanke koloniste ten goede gekom soos bv. in die geval van die Suid-Amerikaanse kolonies.

In die tydperk het daar egter ook humanitêre idees van Europa uitgegaan. Vir die eerste maal is die mensheid as geheel oorsien. Die 18de eeuse Verligting het die koloniale inboorlinge geïdealiseer en geen onderskeid tussen rasse getref nie en gelykheid- en humanitêre ideale vir almal gestel, sonder in agneming van kleur. Sendingaktiwiteite het toegeneem en die blanke kolonis is in 'n staat van beskuldiging van onderdrukking en uitbuiting gestel. Slawe-handel en slawerny is afgeskaf en die handhawing van die regte van die inboorling teen onderdrukking as programpunt vir die Liberalisme en Sosialisme aanvaar. In Suid-Afrika was die reaksie hierop onder andere die Groot Trek. Die wese van die kolonialisme is onder invloed van die nuwe idees ingrypend verander.

In die vierde periode tree die imperialisties-beskawende wêreldordening op die voorgrond. Die planeet is in 'n groot wedloop onder die moondhede verdeel. Op die agtergrond staan 'n industriële samelewing wat grondstowwe en markte vereis het. Die koloniale wêreld verkry 'n Anglo-saksiese stempel. Dit het tot eenheid geword. Wêreldpolitiek en 'n wêreldekonomie staan op die voorgrond. Die see was die verbindingskakel en 'n magtige vloot 'n instrument tot magspolitiek en ordening. Die blanke het deur die wetenskap en tegniek 'n groot voorsprong op die nie-blankes verkry. Verset van hulle kant is neergeslaan. Daar was 'n geloof aan die sending van die blanke om „beskawing' 'en „vooruitgang" aan die nie-blanke wêrelddele te bring. Rasse-hoogmoed en bewussyn van velkleur wat hulle van ander rasse onderskei, het 'n kenmerk vir die saamhorigheid van die blankes geword. Nêrens was daar 'n werklik

massale, wydverbreide verset teen die oorheersing van die blankes nie. Die bestuursinstellinge en ordening van die blankes het die nie-blankes bevoordeel. Hierdie wêreldordening kon slegs bly voortbestaan op die fondament van wêreldvrede; dit was die voorwaarde vir die hegemonie wat die blankes oor die nie-blankes geniet het.

Maar die blankes het deur hulle selfsugtige optrede en onderlinge oorloë self die graf vir die verlies van hulle heerskappy gegrawe. Deur hulle wêreld-oorloë verswak hulle hul greep op die wêreld. Die eerbied en vertroue wat daar nog by die nie-blanke volke bestaan het, het daardeur verlore geraak. Die studie-kontakte van nie-blanke studente in blanke Universiteite en die kennismaking met Liberalistiese en Sosialistiese gedagtes het verset en onafhanklikheidsbewegings laat ontstaan, wat deur die Kommunistiese Rusland aangemoedig is.

Dit bring die skrywer ten slotte by die wêreldordening van die universele „partnership" wat die gevolg was van die wêreldoorloë. Anti-kolonialistiese bewegings ontstaan en die prestige van die witman wat oral uit die koloniale gebiede padgee, begin al meer te daal. Daar word op gelykberegtiging aangedring en volkome gelykstelling met die blanke volke geëis. Die bevoorregte posisie van die blankes moet verdwyn en hulle sal slegs nog „helpers" wees. Die nie-blankes sal beheer verkry deur 'n „een-man-een-stem"-beginsel. Asië sowel as Afrika het vry geword van blanke oorheersing. Tans is hulle die aanvallers van die blanke minderhede in Afrikaanse gebiede. Dit plaas veral die blankes van Suidelike Afrika in 'n moeilike posisie aangesien hulle hierdie landsdeel ook as vaderland aanvaar het.

F. A. van Jaarsveld.

*Wilhelm Raabe*: Die Swart Galei, pp. 76, 90c, Human en Rousseau, Kaapstad, 1961.

Hierdie historiese roman van 'n vooraanstaande Duitse skrywer handel oor 'n awontuur uit die Tagtigjare oorlog. Dit is pittig geskryf, lewendig, vol awontuur en spanning. Op 'n eenvoudige wyse word die liefdesgeskiedenis van Jan Norris, stuurman van die geheimsinnige Swart Galei ('n soort Alabama) en Myga van Bergen deur gebeurtenisse van die Oorlog heen gevleg. Die leerlinge wat hierdie awontuurverhaal lees, sal die Tagtigjare oorlog veel beter verstaan. Ek kan dit veral by ons skole aanbeveel. Dit behoort 'n noodsaaklike aanvulling te word by die geskiedenisonderrig.

F. A. van Jaarsveld.

*Nienaber, C. J. M.*: Die Mens Totius, pp. 103, R1.15. Human en Rousseau, Kaapstad, 1962.

Hierdie boekie is die Tweede in die *Profiel*-reeks van Human en Rousseau. Hierin sal van tyd tot tyd lewensbeskrywings van bekende figure verskyn, spesiaal opgestel vir die jeug van Suid-Afrika. Vir die hoërskole veral, sal dit van groot belang wees. Ook historiese figure sal hierin behandel word wat ook leesstof aan geskiedenisklasse sal voorsien. Dit is voorwaar 'n reeks wat vir geskiedenisonderwysers en -leerlinge van groot nut gaan word.

Dr. C. J. M. Nienaber gee in sy boekie oor Totius 'n leesbare en maklik toeganklike beeld van die lewe en werk van die digter. Ons sien hom as skilder, student, predikant, godgeleerde, dosent, digter, volksleier, Bybelvertaler, Psalmberymer, tydskrifredakteur en raadgewer.

Dit is bekend dat Totius (Daniel Jacobus) die seun was van ds. S. J. du Toit wat hom vir die Afrikaanse taal, kultuur en politieke toekoms beywer het. Ons sien Totius se jeug voor ons herrys — in die Kaap en Zuid-Afrikaanse Republiek — ons sien hom as veldprediker by die Boeremagte tydens die Anglo-Boere-oorlog en daarna as student in Holland. Na die Oorlog help hy aan die opbou-werk op geestelike en kulturele terrein. Ons leer hom ken uit sy digbundels en waardeer hom vir sy groot werk as Bybelvertaler en Psalmberymer.

Dr. Nienaber het uitstekend daarin geslaag om 'n mens voor ons te laat herleef. Sy uitbeelding is in eenvoudige, verstaanbare taal sodat skoliere dit met vrug kan lees — en geniet.

F. A. van Jaarsveld

*Nienaber, G. S., Nienaber, P. J. en Nienaber, C. J. M.*: Dit was ons Erns. Die Ontwikkeling van die Afrikaanse Taal, Letterkunde, Boek en Tydskrif. 93 pp., R1, Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1962.

Hierdie boekie is die eerste in die Suiderland-reeks. Dit sal sekere aspekte van ontwikkeling in Suid-Afrika behandel. Die eerste bundel sluit in hoe Afrikaans as Taal ontwikkel het (prof. G. S. Nienaber), Hoogtepunte van die Afrikaanse Letterkunde (dr. C. J. M. Nienaber), en Die Groei en Bloei van die Afrikaanse Boek en Tydskrif (prof. P. J. Nienaber).

Die stof is op 'n eenvoudige wyse aangebied sodat dit ook vir die jonger leser verstaanbaar en interessant is. Besonderhede is weggelaat en net die hooflyne word beskryf. In een oogopslag kry ons 'n helder beeld van die ontwikkeling van die Afrikaanse taal, letterkunde, boek en tydskrif. Hierdie boekie behoort 'n wye leserskring te vind — veral onder die skoolgaande jeug. Dit sal hulle leer om eerbied vir ons taal, waardering vir ons letterkunde en begrip vir die Afrikaanse boek en tydskrif te ontwikkel. Die Nasionale Boekhandel voorsien hier in 'n groot behoefte. Ons skole gaan mank aan die gebrek aan apparaat. So 'n reeks stel kennis beskikbaar wat in die klaskamer gebruik kan word.

F. A. van Jaarsveld

*Krill, Hans-Heinz*: Die Rankerenaissance. Max Lenz und Erich Marcks. Ein Beitrag zum historisch-politischen Denken in Deutschland 1880-1935, pp. XII, 271, Walter de Gruyter & Co., Berlin, 1962.

In Duitsland het politieke gebeurtenisse dikwels tot diepgaande ondersoek na die wese en betekenis van die Geskiedenis aanleiding gegee. So is daar byvoorbeeld na die Tweede Wêreldoorlog soms gepraat van 'n krisis in die Duitse historiese denke. Daar moes, na die ban waaronder die Nasionaal-Sosialistiese ideologie ook die geskiedskrywing geplaas het en na die groot katastrofe van die oorlog, weer na 'n nuwe beginpunt gesoek word. Dit is dan ook begryplik dat nou die blik terug na die geskiedskrywing van die verlede gerig word.

So ontvang die periode van die sg. Rankerenaissance in bogemelde boek besondere aandag. Die begrip Rankerenaissance kan miskien as volg verklaar word. Nog gedurende die lewe van Ranke het sommige geskiedskrywers hulle van hom afgewend omdat hy volgens hulle te kleurloos teenoor die Duitse nasionale strewe gestaan het; hulle was veral die groep wat soms die Pruisiese Skool genoem word, waarvan Treitschke die laaste belangrike verteenwoordiger was. Reeds omstreeks 1880 begin daar egter 'n reaksie teen hierdie sterk nasionalistiese geskiedskrywing vorm aanneem en word geskiedenis weer enigsins in die trant van Ranke opgeneem. Dit is dan die righting van die Rankerenaissance en die twee belangrikste skrywers hiervan, Max Lenz en Erich Marcks, vorm die onderwerp van die boek onder bespreking.

Die skrywer, Hans-Heinz Krill, wys daarop dat genoemde twee historici net soos Ranke hoofsaaklik op die moderne geskiedenis konsentreer, dat hulle ook hoofsaaklik politieke geskiedenis skryf, maar veral ook dat hulle die soberder, meer objektiewe geskiedskrywing van Ranke nastreef; soos Ranke het hulle ook 'n wyer blik op die geskiedenis as baie van hulle tydgenote.

Die verskillende boeke en kleiner geskrifte van die twee skrywers word in chronologiese volgorde nagegaan en telkens word bepaal in welke opsigte idees van

Ranke daarin tot uiting kom. Hulle het hulle veral geïnteresseer in die Hervorming — meer in besonder die figuur van Luther—, in die Franse Rewolusie en Napoleon, die 1848-rewolusies, Bismarck en die ontstaan van die Duitse Ryk en dan hulle eietydse geskiedenis tot na die Eerste Wêreldoorlog. Natuurlik bly hulle die rigting van Ranke nie in alle opsigte getrou nie. So byvoorbeeld neig hulle tog na 'n nasionalistiese verering van die Bismarckfiguur. Vir Marcks is Bismarck die „Verkörperung des deutschen Wesens".

Waar die genoemde skrywers oor die imperialistiese tydperk van die dekade voor die Eerste Wêreldoorlog skryf, kom hulle tot 'n wyer interpretasie, ook in die gees van Ranke; daar word selfs gepraat van 'n „Weltstaatensystem" in die idealistiese wêreldbeskouing wat hulle tyd eie is. Tog bly dit hoofsaaklik 'n Europasentriese wêreldbeeld wat hulle geskrifte opwek; daar is sprake van 'n Europese „Überströmen in die Welt". Die Eerste Wêreldoorlog en die ineenstorting van die Duitse Ryk, wat die skrywers ook belewe, bring in hul geskiedskrywing egter weer 'n vernouing van die blik; dit bring hulle terug tot 'n enger nasionalistiese opvatting. „Wie Lenz sieht auch Mercks das zwanzigste Jahrhundert von der Idee der Nationalität beherrscht, die der Völkerbund als Unterdrückungssystem der Siegermächte in höhnischem Widerspruch zu den eigenen, feierlich verkündeten Idealen verrät, um somit in den Gegensatz zu sich selbst zu treten" (p. 233).

Oor die algemeen kan die boek warm aanbeveel word vir gevorderde studente in die Geskiedenis. Dit is 'n belangrike bydrae tot die Duitse historiografie tussen die jare 1880 tot 1935.

F. J. du T. Spies.

*Van der Merwe, P. J.*: Nog Verder Noord. Die Potgieter-kommissie se besoek aan die gebied van die teenswoordige Suid-Rhodesië, 1836, pp. 180, Nasionale Boekhandel Bpk., Kaapstad, ens., 1962.

Om minstens twee goeie redes sal hierdie werk deur geskiedkundiges verwelkom word: dat dit ons 'n nuwe studie gee oor die problematiese ontplooiingsjare van die Groot Trek en dat dit 'n hoogstaande bydrae is tot ons, tot dusver besonder karige, kritiese historiese literatuur in Suid-Afrika. Die boek gaan oor die probleem of die Potgieter-kommissie in 1836 sy verkenning tot in die gebied van die teenswoordige Suid-Rhodesië voortgesit het, en indien wel, langs welke roete.

Soos ook in die geval van ander vraagstukke i.v.m. die aanvangsjare van die Groot Trek, is primêre bronne skaars en fragmentaries. Daarby kom nog probleme aangaande die herkoms en verwantskap van bronne wat moeilikhede i.v.m. vertolking meebring. Gevolglik het skrywers soos Theal, Preller en Dicke soms tot uiteenlopende gevolgtrekkings gekom. Navolging deur ander skrywers het die verwarring verder vergroot.

In hierdie kritiese studie word aan die hand van twee kort joernale wat op 12 Maart 1837 in die *Grahams' Town Journal* en op 17 Maart 1837 in die *Zuid-Afrikaan* verskyn het, 'n pragtig-insiggewende ontleding, oordeelkundig teen 'n wye agtergrond van bronne- en literatuurstudie uitgevoer. Dit word deur moeitevolle veldwerk gerugsteun. Die eindproduk is 'n model van hoe die kritiese metode op moeilike dokumentemateriaal, in 'n moeilike tydperk, toegepas behoort te word. Vir hierdie besondere probleem is prof. Van der Merwe skitterend toegerus. As historikus van ons pioniersgeskiedenis kan hy uit 'n rype ervaring en 'n ryke bronneskat put. Hy besef dat hy sy bronne (wat soms bestaan uit vertalings van vertalings) met die uiterste versigtigheid moet hanteer. Lig kom hy nie tot finale gevolgtrekkings nie, maar hy huiwer nie om, waar die feite dit regverdig, ander historici op 'n verdraagsame wyse tereg te wys nie. Sy gevolgtrekking is dié van 'n rype verantwoordelike geskiedkundige wat eers na 'n ontleding van 165 bladsye bereid is om te verklaar „dat die Potgieter-kommissie wel in

1836 die teenswoordige Suid-Rhodesië binnegedring het"; maar dan moet hy byvoeg: „Die gevolgtrekking waartoe ons gekom het, kan ons nie met alte groot sekerheid maak nie" (p. 165). Dan voeg hy verder by: „Dit is nie die soort van gevolgtrekking waarmee 'n historikus hom graag tevrede stel nie" (pp. 165-6). Tereg wys hy ten slotte daarop dat die eintlike waarde van hierdie studie daarin geleë is „om aan studente te toon hoe daar te werk gegaan is in verband met die kritiese interpretasie van 'n historiese bron met betrekking tot 'n bepaalde punt" (p. 166).

Die werk slaag uitnemend in sy doel; maar die resensent is terselfdertyd oortuig dat dit 'n belangrike bydrae maak tot die stadiggroeiende, gesaghebbende literatuur oor die geskiedenis van die Groot Trek. Hoofstuk 9 oor die betekenis van Skof is 'n standaardstudie in miniatuur. Omdat die boek poog om oor die vroeë verkenningsjare van die Voortrek lig te werp, word daar konkreet en lewendig geïllustreer die besondere soort problematiek wat eie is aan 'n studie van die Voorste Mense en hulle vriende. Die gevaar van 'n onkritiese navolging van ander skrywers word duidelik aangetoon. Die waarskuwing kan deur jonger historici te harte geneem word: wie hom op die pad van wetenskaplike geskiedskrywing wil begewe, moet bereid wees om geduld te beoefen totdat, deur 'n proses van planmatige bronneversameling en deurtastende bronnekritiek, die probleem uiteindelik in sy eie tyd tot 'n oplossing gelei word. En selfs dan moet die geskiedkundige nog bereid wees om te erken (indien sy feite daarop dui) dat die totale som van sy arbeid nog nie finale sekerheid gebring het nie.

Die boek is goed afgewerk en in aantreklike vorm gepubliseer. Vir 'n verdere studie van die vroeë jare van die Groot Trek is die Literatuur- en Bronnelys van belang. 'n Doeltreffende kaart dra heelwat by tot die helderheid van die argument.

'n Punt van kritiek is dat 'n kort register die waarde van die boek verder kon verhoog het.

Die feit dat so uiters min negatiewe kritiek gelug kan word, bewys verder dat dié boeiende, indringende studie van hoë gehalte is. Vir baie jare sal dit as model voorgehou kan word nie slegs aan jong, potensiële historici nie, maar ook aan ouer en ervare persone en by uitstek aan diegene wat in die bepaling van Voortrekkerroetes belang stel.

C. F. J. Muller.

*Havighurst, A. E.*: Twentieth Century Britain, pp. 486, Row Peterson and Company, Evanston, Illinois; Elmsford, N.Y. 1962.

The author has looked eastward across the Atlantic and has conducted a survey of the history of Great Britain during the past sixty years. And what momentous years these have been! 1900, 1914, 1926, 1938, 1940, 1945 — the dates alone spell their tale of division, enthusiasm, folly, despair, courage and challenge. The narrative, based on a wide range of published sources, is developed chronologically and is illuminated with forthright and perceptive conclusions. A compact political — and to some extent social-history of Britain is the result, an admirable volume for the general reader and a student. For Britain's pivotal role in the expansions and contractions of a world empire, however, the reader will have to turn to other authorities. But treatment of Britain in her European context alone is a formidable task and Professor Havighurst confesses to having felt "somewhat aghast at my temerity in undertaking it". Yet he has mastered an imposing quantity of material and has brought a cool judgment to bear. It is unfortunate that the few passing references to South Africa seem to have been drawn from defective sources e.g. the assertion that "by 1895 over half the population in the Transvaal was British" (p. 6) and the curious remark that "a large Portuguese population was scattered throughout the area" in 1910 (p. 91).

The Boer War thrusts itself to the forefront of British history at the turn of the

century. As Havighurst sees it (p. 6): "It disclosed the dangers of 'splendid isolation' and led to a reorientation of British foreign policy; it brought to light the weaknesses of the British Army and eventually produced a revolution in the War Office; it stimulated jingoism and revealed the bankruptcy of imperialist doctrines which had warped the judgment of competent and well-intentioned men; it divided British leadership in time of war. Finally the war constituted a blow to self-confidence from which the country never fully recovered." He also points out that the war signalled the appearance on the scene of the dynamic Lloyd George and that divisions in the Liberal Party favoured an extension of the Labour movement into the parliamentary sphere. Joseph Chamberlain's career was of decisive importance for if the former radical and anti-imperialist had not broken with Gladstone over the Irish issue the Liberals might well have absorbed the working classes.

If the Boer War was a sore trial, far greater stresses lay ahead. After the Great War (1914-1918) victorious Britain showed certain unhealthy symptoms. "The national outlook reflected more the divisions of a land torn by defeat than a unity born of sacrifice to a great ideal. It was the mentality of a land affected with a malaise" (p. 154). Professional politicians and self-seekers diluted the quality of the membership of the House of Commons. Above all, leadership was lacking in the conduct of foreign affairs. Under the taciturn and uninspride Bonar Law, the sonorous and woolly MacDonald and the culpably complacent Baldwin, a great nation drifted downstream. Elsewhere Churchill has recorded his impressions of some of these men; both Baldwin and MacDonald lacked "intellectual vigour" whilst the former revealed "marked ignorance of Europe and aversion from its problems." (*War Memoirs*: *The Gathering Storm* (London, etc., 1948), p. 80.) Then Neville Chamberlain held the reins (1937-1940) with his past record of successful domestic legislation — hard-working, humourless, obstinate — but not matched with the dangers of the hour of militant dictatorship.

Coupled with the failure of leadership (1922-1937) was a supreme disregard of the ultimate basis of British authority in the world — a matter on which Havighurst might have elaborated — for after a supremacy at sea that had lasted since 1588, Britannia lowered her trident at the Washington Naval Conference, 1922. Disarmament proceeded apace; strict economy was the order of the day. The same country that had committed 40 capital ships into the Jutland action of 1916 found itself with less than 20 on the eve of Hitler's war — and many of these "battle-waggons" were obsolescent veterans of Jellicoe's Grand Fleet. The lighter flotillas suffered equally drastic reductions and the new air force was pitifully small.

The Second World War witnessed a heroic revival. It was followed, Havighurst concludes, by less disillusion than in the period that followed 1918. Despite the pressures of war, the Coalition Government under Churchill showed imagination and foresight in effecting social reforms and in anticipating post-war problems. On these foundations the Welfare State was brought about after 1945, open to criticism and even ridicule in some of its features, but nevertheless constituting a remarkable peaceful revolution and the culmination of a long process of reform that had begun with Balfour's Education Act of 1902. " . . . an outsider finds it difficult to reach any other conclusion than that Britain in the mid-twentieth cenury has developed a society which is more civilized than the Victorian, a society with standards of human decency for all its people. All the complaint about social democracy leading to dead mediocrity and about the welfare state destroying initiative, independence and personal responsibility usually comes from those who live in comfort and fades away when one realizes that until man's minimum physical needs are satisfied he has no spiritual or moral aspiration" (pp. 461-462).

There are disquiting signs, Havighurst admits, such as unrest in industry and

shifts in class distinction rather than their abolition. He does not think that Welsh and Scottish national consciousness constitutes any serious problem. "The best that can be said, and it is not to be despised, is that in identifying the Scots and the Welsh with themselves the English have unified Great Britain, thus overcoming the forces of geography and of history" (p. 443). Britain, he concludes, is far from being a moribund society; he points to the quality of the critical periodicals and to the genius revealed in recent time by such diverse figures as Margot Fonteyn, Sir Lawrence Olivier, Evelyn Waugh, C. P. Snow, Arnold Toynbee, L. B. Namier, C. S. Lewis, Dorothy Sayers and others (p. 474).

Dr. Havighurst is on the staff of Amherst College, Massachusetts, a small, select and well-endowed college that was established in the 1820's.

A. M. Davey.

*Van Jaarsveld, F. A.*: Lewende Verlede. Afrikaanse Pers-Boekhandel. R3.00, pp. 258, Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg, 1962.

Hierdie werk bevat sewentien opstelle wat gedurende die afgelope tien jaar in verskillende tydskrifte verskyn het asook 'n verdere drie wat tot dusver nog nie in een of ander tydskrif verskyn het nie. Die twintigtal opstelle is in die volgende tema-afdelings gerangskik: Metodologies, Historiografies, Opvoedkundig en Geesteshistories. Hierdie temas weerspieël dan ook die besondere terrein waarin die skrywer belang stel en belang gestel het. Waar ons historici in die verlede hul hoofsaaklik besig gehou het met die *tegniek* van geskiedskrywing, het prof. van Jaarsveld hom veelal besig gehou met die teoretiese grondslae van die geskiedenis-as-wetenskap. Hy probeer antwoorde vind op die vrae van wat ons eintlik doen wanneer ons sê dat ons geskiedenis skrywe en wat die aard van die kennis is wat ons van ons verlede opdoen wanneer ons hierdie geesteswetenskap beoefen. Ofskoon in hierdie bundel uiteenlopende onderwerpe behandel word wat op die oog af nie verband met mekaar het nie, kan die opstel „oor die verstaan van geskiedenis" as die sleutel tot die bundel beskou word. Byna elke opstel gaan oor die „verstaan" van die geskiedenis-as-wetenskap.

Prof. van Jaarsveld, wat sy teoretiese benadering van die geskiedeniswetenskap betref, kan as volgeling van die groot, end-negentiende begin twintigste eeuse historikus en filosoof Dilthey beskryf word. Wat die teoretiese aspek van geskiedskrywing betref, is daar sekerlik min van die jongere historici in Duitsland, Nederland en Engeland wat nie iets van Dilthey en saam met hom die Italiaanse filosoof Croce, weg het nie.

Soos Dilthey wys prof. van Jaarsveld daarop dat in die geskiedenis alles in beweging is (p. 24) en kan geen interpretasie van die verlede absoluut of onveranderlik wees nie (p. 5) want aangesien die interpreteerder ook deel is van hierdie wêreld-in-beweging, hy met die „tyd saam beweeg", sien hy altyd sy verlede in terme van sy eie tyd al probeer hy dit dan as wetenskaplike nie bewus doen nie. Dit is vanuit die hede dat die historiese bewussyn gevul word en die historiese bewussyn verander na aanleiding van die tydsituasie waarin ons leef — vgl. byvoorbeeld opstel XII, *Geskiedenisonderrig in die na-oorlogse Duitsland* en die vir die Afrikaanssprekende belangwekkende opstel nr. XX, *Die Afrikaner se idees oor uitverkorenheid, geroepenheid en bestemming.* Vanuit hierdie standpunt gesien is die verlede uit die hede beskou „dan nog onvergaan, nie absoluut dood nie, maar iets daarvan het lewendig gebly en dit werk as krag daarin voort, reik in die daaglikse bestaan in . . . dit kleef aan ons, beheers ons, maar meestal onbewus" (p. 27). Daarom dan ook die gepaste titel tot hierdie versameling opstelle, naamlik *Lewende Verlede.*

Elke historikus, wanneer hy geskiedenis skryf, is besig om 'n eie beeld van die verlede te skep (p. 75). Daarom wys prof. van Jaarsveld daarop dat 'n beeld van die verlede méér is as blote kroniek en feite. Dis nie 'n afbeelding van 'n stuk verlede-

werklikheid (wie es eigentlich gewesen ist) nie „maar dis omvorming" daarvan soos die werklikheid van 'n stuk natuur op die doek van die skilder verander. Om 'n beeld van die verlede te kan skep is 'n staanplek nodig en dié kom deur 'n vraag uit die eie tyd. Met die verskuiwing van die tyd verskuif die belangstelling en die vrae en daarmee wissel die beeld ook (p. 75, opstel VI. *Die Afrikaner se geskiedsbeeld*). Daar word dus ten regte skerp onderskeid gemaak tussen die objektiewe verlede, dit wil sê die verlede-as-werklikheid wat ons nooit sal ken nie en die subjektiewe verlede, dit wil sê, die verlede wat ons deur tradisie ken of deur studie en navorsing gestalte aan gee en dit is hierdie subjektiewe verlede wat voortdurend tot ons spreek, maar waarteenoor ons as wetenskaplikes groot verantwoordelikheid het (vgl. opstel nr. XIII, *Geskiedenisonderrig en verantwoordelikheid*) want die historikus kan so maklik verval in 'n interpretasie van die verlede met die doel om huidige opvattinge bewustelik te „dien". Die beeld wat so geskep word is tendensieus, apologeties en bespreek prof. van Jaarsveld in opstelle VIII en IX (*Tyd en Geskiedsbeeld — 'n Metodologies-kritiese ondersoek na die werk van dr. W. J. Leyds* en *Geskiedenis en Politiek*) hierdie apologetiese tendense in die werke van dr. W. J. Leyds en dr. J. H. Breytenbach. Of volgens prof. van Jaarsveld se eie standpunt hierdie apologetiese kenmerke van genoemde twee historici se werk resultaat is van prof. van Jaarsveld se gestelde standpunt-verskuiwing-in-tyd kan geredelik geponeer word. Sy oordeel sou waarskynlik minder skerp gewees het indien hy dit so gaan beskou het. Ook sal die vraag in dié verband gevra word wie van die drie historici hier die meeste bewustelik subjektief (afgesien van die element van onvermydelike subjektiwiteit) in die openbaring van hul onderskeie standpunte was.

Daar is natuurlik verskeie vrae wat uit bogemelde geskiedbeskouing van prof. van Jaarsveld, Dilthey en mag ek byvoeg uit meeste van ons twintigste eeuse historici se beskouing voortvloei wat myns insiens op 'n antwoord wag. Uit hierdie beskouing moet die gevolgtrekking gemaak word dat die geskiedenisbeeld wat deur die historikus daargestel word 'n deterministiese, m.a.w. 'n deur die historikus geïnterpreteerde feitereeks is wat weens die standpunt-in-tyd van die historikus, in 'n kausale in verbandstaande feitereeks *gedwing* word en dat ons dus geen antwoord kan vind op die vraag wat historiese beweging (verandering) as objektiewe werklikheid is nie. Ook lyk dit asof die historikus, vasgevang in sy eie verskuiwende (veranderde tyd) waar hy verantwoordelikheid verskuldig is, (vgl. opstel XII, *Geskiedenisonderrig in die na-oorlogse Duitsland*, waar dit volgens prof. van Jaarsveld se uiteensetting duidelik is dat die historici van die na-oorlogse Duitsland hul onderwerp het aan die onvermydelike eise van die tyd), hom onbewus onderwerp aan die eise van die situasie waarin hy hom bevind. Charles Frankel in sy *The Case for Modern Man* en selfs Theodor Litt, in sy *Wege und irrwege geschichtlichen Denken* het ook voor hierdie onvermydelike vraag te staan gekom sonder om 'n afdoende antwoord daarop te vind. Hieruit vloei weer vrae wat filosowe soos Hegel hulle kringlope laat loop het, naamlik die funksie wat die rede in 'n historiese (veranderde) situasie vervul. Daarmee hang natuurlik ook saam of sedelike norme uit die veranderende situasie ontstaan en wat die wisselwerking tussen sedelike keuse en noodwendige verandering behels. Verder, waar Dilthey geskiedenis as beweging (ook prof. van Jaarsveld) omskryf en Collingwood in sy *The Idea of History* en E. H. Carr in sy *What is History?* die nadruk op geskiedenis-as-verandering laat val, het geen van hierdie denkers genoegsame helderheid oor wat ons eintlik met verandering of met die uitdrukking „in die geskiedenis is alles in beweging" bedoel nie. Ons het, wat dit betref, juis en juis ook omdat ons ons waarde-oordele binne die begrip „beweging" of „verandering" plaas, 'n *impasse* bereik met 'n gevolglike noodwendige neiging om alles in 'n relatiewe tydelike verband te sien. Dit word myns insiens die groot krisis waarteenoor die Westerse denke te staan gekom het.

Die opstelle onder die tema-afdeling *Opvoedkundig*, naamlik nrs. XI, XIII, XIV en

XV, waarin prof. van Jaarsveld die vraagstuk van die waarde van die algemene geskiedenis op skool, die verantwoordelikheid wat daar op die onderwyser by die onderrig van geskiedenis berus asook die probleme wat die skrywer van 'n skoolgeskiedenisboek mee te kampe het, behandel, sal met groot vrug deur elke onderwyser wat dit enigsins erns is met die onderrig van geskiedenis op skool, gelees word.

T. S. van Rooyen.

*Alexander, F. L.*: Kuns in Suid-Afrika, Skilderkuns, Beeldhoukuns en Grafiek sedert 1900; pp. 172, met lewenssketse, 16 gekleurde afdrukke, 177 fig., R 8.00, A. A. Balkema, Kaapstad, 1962.

F. L. Alexander, die bekende kunskritikus van *Die Burger*, het met hierdie boek 'n onderwerp aangepak waarvoor baie kunshistorici sou terugdeins. Die titel van die boek is selfverklarend, nl. oor kuns in Suid-Afrika vanaf 1900. Dit is dus geen moderne kuns*geskiedenis* van Suid-Afrika nie. Nogtans verwag 'n mens onwillekeurig tog te veel van die boek, wat eintlik niks anders is nie as 'n baie aantreklike en aanneemlike resultaat van 'n poging tot die onmoontlike.

Onmoontlik omdat daar nou weer baie duidelik blyk dat daar 'n skromelike tekort is aan noodsaaklike kunshistoriese dokumentasie, en dat daar veel te weinig grondige monografieë oor kunstenaars in ons land bestaan. Gevolglik is dit uiters moeilik om 'n redelike oorsig te kry van die Suid-Afrikaanse kunsgeskiedenis. Alexander red hom uit hierdie moeilike posisie deur hom te bepaal tot 'n algemene oorsig van die verskillende kunsstyle in Europa, vir sover hulle in Suid-Afrika van toepassing is of hier invloed uitgeoefen het. Hierna word telkens verwys met 'n aantal van ons kunstenaars se werke as voorbeelde. Hoewel die kunstenaars hoofsaaklik gekies is volgens die skrywer se persoonlike smaak en oordeel van belangrikheid, omvat hierdie keuse tog wel grotendeels die belangrikste kunstenaars in Suid-Afrika. Meeste lesers sou miskien een of twee wil weglaat en ander byvoeg. Dit moet mens egter verwag by enige boek oor moderne kuns.

Alexander raak ook 'n hele aantal gedagtes kwyt wat hy nie sommer oornag uitgedink het nie. Party van sy opvattings het hy sekerlik al jare gehuldig. Ons hoef natuurlik glad nie hiermee saam te stem nie, maar ons word onvermydelik deur hulle gedwing om self na te dink en te probeer om tot 'n eie standpunt te kom.

Dit alles is deurwerk van spontane opmerkings en 'n nugter en dikwels skerp kritiek. Alexander probeer nie om ons te leer nie. Inteendeel, hy wys op die verskillende dinge wat homself tref en gee sy persoonlike mening. Dan nooi hy die leser uit om self goed te kyk en te besef wat hy op sy beurt in 'n bepaalde kunswerk sien.

Dit is duidelik dat hier die ervare kunskritikus aan die woord is. Dit kom veral tot uiting in sy bespreking van sestien kunswerke aan die hand van uitstekende gekleurde afdrukke. Hierdie besprekings behoort tot die hoogtepunte van die boek. Dit ontbreek Alexander hierby nie aan durf nie. Hy skop, m.i. tereg, teen die akademiese realisme in ons eeu. Maar hy stel hom ook nie op die belaglike standpunt wat teenswoordig partymaal gehoor word, dat die nie-figuratiewe kuns die enigste kunsuiting is wat ooit die moeite werd was nie. Die skrywer het 'n breë oog vir wat daar in die verskillende rigtings op kunsgebied in Suid-Afrika gepresteer word. Maar hy keur enigiets af wat na halwe werk of halfslagtige pogings, na 'n ongepaste publisiteitsug of onegtheid sweem.

Dit lyk asof die skrywer die swaartepunt meer op die kunstenaars in die suide van die Republiek laat val. Dit wil nie sê dat hy die kunstenaars in die binneland minder goed sou ken nie. Inteendeel, Alexander het baie kere na Transvaal gereis en het lang tye hier gebly om hom terdeë op hoogte te stel van wat daar is. Maar moontlik is dit op kunsgebied in die Kaap rustiger en oorsigteliker as wat in die Transvaal

die geval is.

Die boek is tweetalig uitgegee, twee kolomme op elke bladsy. Die blaaie is egter so breed, dat by die lees hiervan dit nie hinderlik is nie. Daar is drie afsonderlike hoofstukke: skilderkuns, beeldhoukuns en grafiese kunste, gevolg deur 'n lys van kunstenaars met kortliks die belangrikste gegewens oor elkeen. Hierdie lys sou ons graag 'n bietjie uitvoeriger gesien het. Maar in die huidige vorm is dit reeds 'n baie welkome en handige gids.

'n Paar opmerkings. Die besprekings van die sestien kunswerke aan die hand van gekleurde afdrukke is tussen die teks deur geplaas, in dieselfde letter as die res van die bladsy. In die begin werk dit steurend, hoewel mens later daaraan gewoon raak. Die Engelse en die Afrikaanse teks stem nie oral noukeurig ooreen nie, terwyl die spelling nie altyd konstant is nie. Dit is egter kleinighede, wat aan die boek self geen afbreuk doen nie.

My grootste beswaar teen die boek is egter dat dit te veel probeer doen. Dit probeer blykbaar om 'n gids te wees vir die ryper skooljeug, vir die universiteitstudent, en vir die belangstellende publiek. Hierdie doelstelling is te wyd en gevolglik is dit vir die een te uitgebreid, terwyl ons vir die ander graag op sommige onderwerpe dieper sou wil ingaan. Tog kan ons nie ontken nie, dat die skrywer daarin geslaag het om vir almal 'n goeie verduideliking te gee van die moderne en selfs die nie-figuratiewe kunsrigtings, waarby hy ook wys op die gevaar dat hierdie laaste rigting gou in sommige gevalle in kitch kan verander.

Alexander toon ook baie duidelik aan dat die kunskritiek in ons land nog baie onontwikkel is. Op 'n enkele plek na laat hy ook nie meer veel kritiek aan die letterkundig-geskoolde mense oor nie. Inderdaad het die letterkundige, toe daar nog geen kunskritici en maar min kunshistorici in ons land was, 'n belangrike bydrae tot die kunskritiek gelewer. Maar die tyd dat die suiwer letterkundig-geskoolde wyd en syd sy mening oor kunswerke verkondig, begin stadig aan tot die verlede te behoort. Die kunskritikus sal ook nie sommer sy mening oor 'n stuk literatuur ten beste gee nie, omdat dit nie sy terrein is nie en daar mense is wat dit beter kan doen as wat hy dit kan. Laat ook die letterkundiges hulle liewers tot die literatuur beperk.

Altesame het hierdie boek ontsaglik veel goeds. Dit is 'n pionierswerk, waarvoor ons nie anders as die grootste agting kan hê nie.

F. G. E. Nilant.

*Nilant, F. G. E.*: Contemporary Pottery in South Africa, pp. 110; R1.50, A. A. Balkema, Kaapstad, Amsterdam, 1963.

Hierdie werk open 'n terrein van die Suid-Afrikaanse kunslewe wat tot hierdie vir nadere ondersoek feitlik braak gelê het en is 'n welkome toevoeging tot dié literatuur hier te lande. Oorspronklik in Afrikaans geskryf maar in Engels uitgegee, behoort dit toegang te vind ook tot lesers ver buite ons eie landsgrense; sy dit dan ook so, dat dr. Nilant dit in die eerste instansie bedoel om Suid-Afrikaners tot meerdere belangstelling in en verdere ondersoek na die Pottebakkerskuns alhier te prikkel.

Aan die hand van enkele rake grepe gee hy vooraf 'n historiese inleiding tot en karakteristiek van die pottebakkerswerk in verskillende ou kultuurlande; bespreek die te onderskeie tegnieke toegepas in die algemeen; en bied die leser ook 'n kykie in dié van die Bantoe in Suid-Afrika!

Daarna gaan hy, sover materiaal tot sy beskikking dit toelaat, histories na hoe hierdie kunssoort in Suid-Afrika aandag begin geniet het en in beoefening gebring is, om dan stil te staan by die huidige stand daarvan. Sy ondersoek betrek eerstens die produkte gelewer deur sowat 12 nog produserende fabrieke en twee studio's, asook twee fabrieke en twee studio's wat sedert 1958 uit ekonomiese oorwegings verplig was om

te sluit. Die teks hieroor is toegelig met allesins doelmatige foto-illustrasies en 'n kaart wat die geografiese verspreiding van die ondernemings oor die land aandui.

Op grond van data verkry deur uitgestuurde vraelyste aan, asook onderhoude en korrespondensie met persone as 'n verteenwoordigende deursnit van die Suid-Afrikaanse publiek, toets hy die heersende openbare smaak en opvattings oor hierdie vorm van kunsuiting. Die gegewens word verwerk in interessante statistiese tabelle en verder gesond krities ontleed. 'n Hierby aansluitende dog selfstandige hoofstuk van dr. A. J. E. Sorgdrager oor sekere ekonomiese aspekte van die plaaslike pottebakkersindustrie onderstreep waardevolle toeligtingspunte, wat ons die probleme van so 'n jong industrie met beperkte geleenthede vir afset en gebrek aan opgeleide kragte ook vanuit dié hoek laat begryp.

Saaklik en duidelik sluit dr. Nilant af met sy gevolgtrekkinge, sodat die leser die gelukkige uitkoms van sy ondersoek met instemming kan aanvaar en waardeer. Myns insiens slaag hy goed daarin om sy leser se belangstelling op te wek vir hierdie eeue-oue volkskuns, wat hier te lande nog in sy kinderskoene staan.

Die werk getuig van die skrywer se moeisame ondersoek, deeglikheid, kritiese insig en kunssinnige aanvoeling, en behoort die Suid-Afrikaanse pottebakkery in 'n gesonde baan te lei, beide wat produsent en konsument betref. Dit vorm 'n tydige leidraad vir iedereen wat daarby belang het.

Die redaksie is netjies versorg; verwysings behoorlik verantwoord; illustrasies goed gekies. Ook die uitgewer kan met die versorging van die drukwerk en verdere afwerking van hierdie boek gelukgewens word.

Graag beveel ons dit aan by die wye leserskring, asook kunsliefhebbers in besonder, van Suid-Afrika.

H. M. v. d. Westhuysen.